SA STAMBOEK STUD BOOK

# StamBoek Times

## SA Stamboek skop 2025 op die regte noot af

Soos gebruiklik, het SA Stamboek die jaar afgeskop deur die kernpersoneel byeen te bring om vir die toekoms te beplan en belangrike sake aan te spreek. Hierdie saamtrekke is al deel van die Vereniging se gene.

Die stelselontwikkelaars (rekenaarprogrammeerders), tegniese adviseurs, genetiese navorsers en bestuur het in die derde week van Januarie skouer aan die wiel gesit, idees uitgeruil, by mekaar geleer en planne gemaak om hulle take nog beter uit te voer – alles in belang van die veebedryf en telers van ander spesies.

Lede van SA Stamboek se uitvoerende komitee was deel van die sessies, en het waardevolle insette gelewer. Met so 'n gedugte span vol nuwe vuur sien ons uit om ons telers in 2025 te dien!



Voor is Anja Hatting, dr Helena Theron, Sherrí van Zyl, Petro Lloyd, dr Bobbie van der Westhuizen, dr Bernice Mostert, Donné Kruger, Hannah Kruger. Agter is Claus Kempen, Jason Reding, Siebert Vermeulen, Max Struwig, George Vermeulen, Thalia Brameld, Frits Voordewind, Suretha Francis, Kabelo Phaka, Herman Labuschagne, Dina Victor, Erick Joosten, Gerdus de Klerk, Johan Venter, Martin Piek en Jaco Dippenaar. Andries Riekert en Chanelle Steenekamp was afwesig met die neem van die foto.

## Coming to terms with crossbreeding

Most commercial farmers know that mating cattle of different breeds results in increased performance in the crossbred calves relative to the average of the parental breeds. In this article, SA Stud Book geneticist, Dr Helena Theron, explains the benefits and economic importance of crossbreeding and tackles the meaning and implications of important terms such as breed complementarity, heterosis, and how these aspects are measured.

Also learn about different crossbreeding systems such as terminal and rotational crossbreeding.

**Click here** to read the complete article.



SA STAMBOEK STUD BOOK

# A producer's experience of FMD havoc

Rufus Dreyer, a producer from the Eastern Cape, shared his experience of the recent foot-and-mouth (FMD) outbreak in the area with *Stamboek Times*. No one, he said, could have anticipated the impact the outbreak would have once the first case was confirmed on a farm in Humansdorp. Of immediate concern was whether other farms would also be affected. They introduced strict biosecurity protocols, such as foot baths for humans, spraying of vehicles with chemicals and more attention to suspected cases in the herd.

The impact was huge. They couldn't sell calves or move heifers to or from the farm, and all emergency slaughters were destroyed. It was also very difficult to put down cows and calves that were infected or could not be marketed, as well as treating cows with damaged teats and udders from complications caused by FMD. Community support, however, was great and everyone shared their knowledge of treating infected animals with special teat ointments and medications.

**Losses and lessons**

The financial loss, however, was significant – R3 545/cow in the herd. This cost was calculated through milk losses due to infected cows and cows that got mastitis, a major increase in mastitis incidents, cows that had to be retreated multiple times, cows that would not recover from mastitis complications and had to be put down, veterinary accounts that increased, the halt in trade of bull calves and pregnant heifers, and not being able to bring replacement heifers back to the farm.

This journey has been a difficult one, but they did learn a number of lessons. For one, they now keep all their replacement heifers on the farm and rear them at an increased cost. The luxury of having them run off-farm is no longer there.

They are very aware of biosecurity challenges due to the concentration of so many dairy farms in their area and the ever-present risk of diseases that can impact them very quickly. They are now more vigilant and restrict the movement of people and vehicles to and from the farm.

**Protocols and support**

Rufus says government and organised agricultural structures continuously supplied them with updates on effected areas, information on legislation, restrictions of normal trade and movement of animals. They also supplied the prescribed FMD vaccine and held information days and workshops to educate farmers on how to deal with FMD.

Unfortunately it seemed like the government did not have clear plans and protocols in place, and were caught off guard. The spread could have been constrained if unaffected farms were given the opportunity to vaccinate sooner. There also seemed to be a constant need for vaccines that were in short supply.

His own sick cows recovered within two weeks. Cows that developed mastitis took longer to recover and some died or had to be put down due to secondary problems.

**His advice to fellow producers?**

- Maintain strict biosecurity controls.
- Do not buy or move animals from high-risk areas.
- Come to know your state vet well.
- React immediately when suspicious cases are spotted; do not delay!

## Aandag lede

Ons is opgewonde om ons beesboere toegang te bied tot biometriese identifikasie van hul diere via **ID-Scan** – 'n gevorderde stelsel wat volledig geïntegreer is met Logix. Volg ons op sosiale media vir meer inligting.




## Congrats Hannah!

SA Stud Book is delighted to announce that mentee, Hannah Kruger, has attained her MSc Agric degree in Animal Breeding and Genetics. This significant milestone reflects her dedication, hard work, and passion for the field, and it is with great pride that we celebrate her remarkable achievement.

As part of her MSc program, Hannah focussed on the estimation of genetic parameters for traits of importance in beef cattle. In addition, she also gained knowledge and experience in developing models and predicting best linear unbiased prediction (BLUP) breeding values.

"I feel very privileged to be a part of SA Stud Book where I get to work with legends in the field of animal breeding and genetics, to learn from them and further advance the field in our country," says Hannah. "My role is that of researcher and geneticist, mainly for the beef cattle breeds, as well as other species. I am most excited about the projects we have in place that I will be working on, but also to learn a lot from my other colleagues and their projects on very interesting research and development that will be beneficial to the industry."

Hannah, an avid sports fan, bookworm, and world traveller says the best piece of advice she ever received was from her dad. "He told me never to be scared to be myself. In a world where we are pressured to fit in, it is often difficult to retain those parts of us that are unique and make us special. I look forward to everything I will learn from my colleagues and to contribute to our industry and members."



*Hannah Kruger (on the right) with SA Stud Book colleagues, Donné Kruger (system developer), Dr Japie van der Westhuizen (advisor), Dr Bernice Mostert (geneticist), Dr Helena Theron (geneticist and manager of the section), and Jason Reding (geneticist).*




## *Kyk:* Voeding se invloed op melkproduksie



Die produksie van melkkoeie word deur verskeie faktore beinvloed, waarvan voeding een van die belangrikstes is. Suretha Francis, tegniese adviseur by SA Stamboek, het onlangs met Lise Roberts van Plaas TV gesels oor die gebruik van data om 'n melkkudde se voedingsplan te bestuur.

**Klik hier** om na die gesprek te kyk.

## Stud Book welcomes the Wagyu Society of South Africa

The Wagyu Society of South Africa is the latest breed society to join the SA Stud Book ranks. The society now enjoys access to the exceptional services and expertise of SA Stud Book and its technical advisors.

WAGYU SOCIETY OF SOUTH AFRICA

This means being able to leverage SA Stud Book's skills in livestock recording, genetic evaluation, data management, and record-keeping.

Add to this SA Stud Book's extensive database and flexibility, and the fact that SA Stud Book boasts the International Committee for Animal Recording's (ICAR) certificate of quality, Wagyu SA and its members can be assured that our state-of-the-art genetic tools and human capital aligns perfectly with their vision.




## Trailblazers: Die baanbrekerbul wat voorloop

Die Engelse woordeboek omskryf 'n *trailblazer* soos volg: "The first person to do something or go somewhere, who shows that it is possible for other people, an innovator." In Afrikaans kan 'n mens van 'n baanbreker praat en die term ook op baanbreker-diere van toepassing maak. Dit is daardie teeldiere waarvan die impak oor generasies strek en dit moontlik maak om seleksie na nuwe hoogtes te neem. En die beste plek is om te begin deur die spoor van 'n uithaler-bul te volg.

In die eerste van 'n reeks artikels oor trailblazer-diere en -telers in *Veeplaas*, skryf dr Japie van der Westhuizen oor wat dit is wat die Bonsmara-bul, LAR 16 332, so spesiaal maak. Die bul is geteel deur Derek en Tutu Ralfe van die welbekende Up George-kudde by Wasbank, KwaZulu-Natal. Dit is een van die eerste bulle wat as 'n Elite Diamantbul kon kwalifiseer tydens SA Stamboek se 2024 Nasionale Elite-toekennings.



**Klik hier** om die volledige artikel te lees of laai die Januarie 2025-uitgawe van *Veeplaas* **hier** af om die artikel op bl. 25 te lees.

## Luister: Die verskil tussen *Bos taurus* en *Bos indicus*

*Bos taurus* en *Bos indicus* verteenwoordig vleisbeesrasse wat uit verskillende streke van die wêreld afkomstig is. Hierdie diere spog egter ook met verskillende kenmerke.



Dr Bobbie van der Westhuizen, hoofbestuurder van SA Stamboek, het onlangs met LiMari Louw van *LandbouRadio* gesels oor presies wat hierdie verskille behels en hoe dit in die vleisbeestelingsbedryf inslag vind.

Luister gerus na hierdie insiggewende gesprek deur **hier te klik**. Volg LandbouRadio op **www.soundcloud.com** vir maandelikse gesprekke met SA Stamboek oor belangrike en interessante gesprekke oor veeteling en genetiese vordering.

# DATA-DATUMS
## waarvan jy moet weet

### Maandelikse rasse

- **Data-onttrekking:** 15de van elke maand om 17:00.
- **Teelwaarde-vrystelling:** 16de tot 22ste van elke maand.
- **Rasse:** Afrikaner, Angus, Beefmaster, Braunvieh, Bonsmara, Boran, Charolais, Drakensberger, Droughtmaster, Hereford, Hugenoot, Nguni, Santa Gertrudis, Senepol, South Devon, Sussex, Tuli, en Wagyu.

### Kwartaallikse rasse

- **Data-onttrekking:** 1 Februarie, 1 Mei, 1 Augustus, 1 November.
- **Teelwaarde-vrystelling:** 3 Februarie, 2 Mei, 4 Augustus, 3 November.
- **Rasse:** Afrigus, Pinzgauer, PinZyl, Red Poll, Romagnola, en Shorthorn.

## LOGIX genomiese ontleding-datums vir suiwelrasse, 2025

**Amptelike ontledings sal op die volgende datums in 2025 vir die volgende MELKRASSE plaasvind:**

- **Ayrshires: 12 Maart, 9 Julie, en 12 November.**
- **Jerseys: 14 Januarie, 8 Mei, en 9 September.**
- **Holstein-Friesland: 12 Februarie, 10 Junie, en 8 Oktober.**

## LOGIX genetiese ontleding-datums vir kleinveerasse in 2025:

- **Dohne-Merino, Merino en SA Vleismerino: Begin om 16:30 op die 4de, 11de, 20ste en 27ste van elke maand.**
- **Boerbok, Dormer, Dorper, Van Rooy, Ile de France, Meatmaster en Witdorpers: Begin om 16:30 op die 4de en 20ste van elk maand.**
- **Damara, Kalahari Reds, Merino Landskaap, Savannah en Suffolk: Begin om 16:30 op die 4de van elke maand.**




Interim-ontledings word gedoen wanneer nuwe genotipes vanaf die laboratoriums ontvang is vir alle melkrasse wat aan Logix-produksiemeting deelneem.

Deelname aan internasionale ontledings vir die beraming van MACE (Multiple Across Country Evaluation)-teelwaardes deur INTERBULL in Swede, vind in Maart, Julie en November plaas. Hierdie MACE-teelwaardes vir alle KI-bulle van regoor die wêreld is op **www.sadairybulls.com** beskikbaar, en is direk vergelykbaar met Suid-Afrikaanse telers wat aan Logix-produksiemeting deelneem, se koeie se teelwaardes. MACE-teelwaardes wat deur SA Stamboek beskikbaar gestel word, is dus op die eenheid van meting, basisjaar-definisie, genetiese parameters en uitdrukking van teelwaardes gebaseer, soos deur die Suid-Afrikaanse telers toegepas en in die Logix-genomiese ontledings geïmplementeer is.